# LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM

**(*ACTIVE AND PASSIVE VOICE*)**

## WAT IS DIT?

- In die **bedrywende vorm** (*active voice*) **begin** die sin gewoonlik met die **onderwerp** (*subject*).
- In die **lydende vorm** (*passive voice*) **begin** die sin gewoonlik met die **voorwerp** (*object*).

## VERANDER DIE BEDRYWENDE VORM NA DIE LYDENDE VORM

- **Ruil** die **onderwerp en** die **voorwerp** om, en
- **verander** die vorm van die **werkwoord** (volgens die relevante reëls / formules).

  - ONDERWERP (*subject*)
    = die persoon of ding wat die aksie doen (kan meer as 1 woord wees!)
  - VOORWERP (*object*)
    = die persoon of ding waaraan die aksie gedoen word (kan meer as 1 woord wees!)
  - WERKWOORD (*verb*)
    = die aksie-woord(e) in die sin

## DIE REËLS / FORMULES

**A.** **TYE** (*tenses*)**:**

**Teenwoordige tyd:** **word + deur + ge-** **[**VW + word + deur + OW + ge-WW**]**

Bv. Die seun *skop* die rooi bal. ⟶ Die rooi bal **word deur** die seun **ge***skop*.

**Verlede tyd:** **is + deur + ge-** **[**VW + ~~(het)~~ is + deur + OW + ge-WW**]**

Bv. Die seun *het* die rooi bal ge*skop*. ⟶ Die rooi bal **is deur** die seun **ge***skop*.

**Toekomende tyd:** **sal + deur + ge- + word** **[**VW + sal + deur + OW + ge-WW + word**]**

Bv. Die seun *sal* die rooi bal *skop*. ⟶ Die rooi bal **sal deur** die seun **ge***skop* **word**.

* OW = onderwerp (*subject*)
* WW = werkwoord (*verb*)

**Die volgende reëls / formules is net vir sinne waarin hulle verskyn:**

**B.** **HULPWERKWOORDE** (*auxiliary verbs*)**:**

**VW + (sal / sou / kan / kon / wil / wou / moet / moes / gaan / mag) + deur + OW + ge-WW + word**

Bv. Die seun **kan** die rooi bal skop. ⟶ Die rooi bal **kan deur** die seun **ge**skop **word**.
Die seun **mag** die rooi bal skop. ⟶ Die rooi bal **mag deur** die seun **ge**skop **word**.
Die seun **gaan** die rooi bal skop. ⟶ Die rooi bal **gaan deur** die seun **ge**skop **word**.

## C. INFINITIEF (*infinitive*):

Altyd **laaste** in die sin.

Bv. Jason skop die bal **om te wen**. → Die bal **word deur** Jason **ge**skop **om te wen**.

## D. BYWOORDE VAN TYD EN WYSE (*adverbs of time and manner*):

Altyd **voor** 'deur + onderwerp'.

Bv. Die seuns speel **elke dag** rugby. → Rugby word **elke dag** deur die seuns gespeel.
Die seun doen die huiswerk **vinnig**. → Die huiswerk word **vinnig** deur die seun gedoen.

## E. NEGATIEF / ONTKENNING (*negation*):

As die sin in die negatief is, plaas die **1ste nie tussen** 'word / is / sal' (of die hulpwerkwoorde: sal / sou / kan / kon / wil / wou / moet / moes / gaan / mag) en 'deur', en die **2de nie** aan die **einde** van die sin.

Bv. Die seun skop **nie** die bal **nie**. → Die bal word **nie** deur die seun geskop **nie**.
Die seun gaan **nie** die bal skop **nie**. → Die bal gaan **nie** deur die seun geskop word **nie**.

## F. ENKELVOUDIGE VOORNAAMWOORDE (*singular pronouns*):

| **verander van …** | **na …** |
|---|---|
| ek | my |
| jy | jou |
| hy | hom |
| sy | haar |

Bv. **Ek** skop die bal. → Die bal word deur **my** geskop.
**Jy** skop die bal. → Die bal word deur **jou** geskop.
**Hy** skop die bal. → Die bal word deur **hom** geskop.
**Sy** skop die bal. → Die bal word deur **haar** geskop.

## G. DEELWOORDE (*participles / separable verbs*):

Plaas **'ge-'** in die middel van die twee dele van die werkwoord.

Bv. Die kaptein **wens** die spelers **geluk**. → Die spelers word deur die kaptein **gelukgewens**.

## H. SINSTIPES (*types of sentences*):

**Vraag** (*question*):

**Teenwoordige tyd** Skop Jason die bal? → **Word** die bal deur Jason geskop?
**Toekomende tyd** **Sal** Jason die bal skop? → **Sal** die bal deur Jason geskop word?
**Verlede tyd** **Het** Jason die bal geskop? → **Is** die bal deur Jason geskop?

- wat **=** Waardeur …?
- wie **=** Deur wie …?
- sal / sou, kan / kon, wil / wou, moet / moes, gaan, mag **=** Sal ...? / Kan ...? / Wil ...? / ens.
- waar, waarom, wanneer, ens. **=** Waar ...? / Waarom...? / Wanneer ...? / ens.

Bv. **Wat** byt die man? **Waardeur** word die man gebyt?
**Wie** skop die bal? → **Deur wie** word die bal geskop?
**Kan** jy die bal skop? → **Kan** die bal deur jou geskop word?
**Waar** skop jy die bal? → **Waar** word die bal deur jou geskop?

**<u>Bevel</u>** (*command*)**:**

Gebruik **'moet'**.

Bv. Skop die bal. → Die bal **moet** geskop word.
Eet die lemoen. → Die lemoen **moet** geëet word.

**I. <u>GEEN VOORWERP</u>** (*<u>no object</u>*)**:**

Gebruik **'Daar ...'.**

Bv. Die seun skop hard. **Daar** word hard deur die seun geskop.
Die meisie dans mooi. **Daar** word mooi deur die meisie gesing.

***In summary, follow these steps:***

***<u>Firstly</u>:***
- ✓ ***Identify** the **subject** and **object** and **swop** them.*
- ✓ ***Determine** the **tense** of the sentence.*
- ✓ ***Identify** the **verb** and **apply** the **formula** of the relevant tense.*
  - *Remember, **for** sentences containing **auxiliary verbs** (kan/kon, wil/wou, moet/moes, gaan), **apply** the **formula for future tense** (sal).*

***<u>Secondly</u>:***
- ✓ *Determine whether the sentence contains an **infinitive** and make sure it is at the **end** of the sentence.*
- ✓ *Identify **adverbs of time and manner**, if any, and **move to before 'deur + subject'**.*
- ✓ *If the sentence is in the **negative**, place the **first 'nie'** between 'word / is / sal' (or the auxiliary verb) and 'deur', and the **second 'nie'** at the end.*
- ✓ *Identify **singular pronouns**, if any, and **change**.*

***<u>Remember</u>:***
- ✓ ***Commands:** use **'moet'**.*
- ✓ ***Questions: start with the words indicated in H. above**, followed by the formula for the relevant tense.*
- ✓ ***No object: use 'Daar ...'**.*

## OEFENING

## A. Lydende vorm in die teenwoordige tyd:

**[word + (tyd, wyse) + deur + OW + (plek) + ge-WW]**

1. ***Swop** the **subject** and the **object**.*
2. ***Replace** <u>Vi</u> with '<u>word deur</u>', **add** '<u>ge-</u>' to Vi and **move** to **end**.*
3. *Make sure the **infinitive** is at the **end** of the sentence.*
4. *Move **adverbs of time and manner**, if any, to **before** '<u>deur + subject</u>'.*
5. *If the sentence is in the **negative**, place the first 'nie' between 'is' and 'deur' and the second 'nie' at the end.*
6. ***Change** the **singular pronouns**.*

1. Die man slaan die hond.
2. Die meisie skryf nie 'n brief nie.
3. Hy skakel die lig aan.
4. Ek eet die kos vinnig.
5. Slaan die bal.

## B. Lydende vorm in die verlede tyd:

**[(het)is + (tyd, wyse) + deur + OW + (plek) + ge-WW]**

1. ***Swop*** *the* ***subject*** *and the* ***object****.*
2. ***Replace*** *'het' with 'is deur'.*
3. *Make sure the* ***infinitive*** *is at the* ***end*** *of the sentence.*
4. *Move* ***adverbs of time and manner****, if any, to* ***before*** *'deur + subject'.*
5. *If the sentence is in the* ***negative****, place the first 'nie' between 'is' and 'deur' and the second 'nie' at the end.*
6. ***Change*** *the* ***singular pronouns****.*

1. Sy het die wedstryd vandag gespeel.
2. Die meisie het die medisyne gedrink om beter te voel.
3. Ek het die kos gister stadig in die kombuis geëet.
4. My ma het nie die boek vandag gelees nie.
5. Die loodgieter het die pyp herstel.

## C. Lydende vorm in die toekomende tyd:

**[sal + (tyd, wyse) + deur + OW + (plek)+ ge-WW + word]**

1. ***Swop*** *the* ***subject*** *and the* ***object****.*
2. *Insert* ***'deur' after 'sal',*** *add* ***'ge-' before Vii,*** *put* ***'word' at the end*** *of the sentence.*
3. *Make sure the* ***infinitive*** *is at the* ***end*** *of the sentence.*
4. *Move* ***adverbs of time and manner****, if any, to* ***before*** *'deur + subject'.*
5. *If the sentence is in the* ***negative****, place the first 'nie' between 'sal' and 'deur' and the second 'nie' at the end.*
6. ***Change*** *the* ***singular pronouns****.*

1. My broer sal die motorfiets verkoop.
2. Hy sal die boek môre huis toe bring om oorgetrek te word.
3. Jy sal nie die program kyk nie.

## D. Gemengde oefening:

1. Die vrou berei 'n lekker ete voor.
2. Het die polisie die skelm gevang?
3. Eet jou groente.
4. Ek sal nie die funksie bywoon nie.
5. Sy mag die boek vandag lees.
6. Die baba drink die melk vinnig om sy dors te les.
7. Speel jy elke dag tennis?

# OPSOMMEND: LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM


**BEDRYWEND** = subj ------------------ obj
**LYDEND** = obj -------------------- subj

| | |
|---|---|
| **Teenwoordige tyd** | **obj + word deur + subj + ge-verb** |
| | Die hond kou die been.<br>Die been word deur die hond gekou. |
| **Verlede tyd** | **obj + is deur + subj + ge-verb** |
| | Die hond het die been gekou.<br>Die been is deur die hond gekou. |
| **Toekomende tyd** | **obj + sal deur + subj + ge-verb + word** |
| | Die hond sal die been kou.<br>Die been sal deur die hond gekou word. |

- *(sal, kan, wil, moet) ⇨ **OBJ + * + deur + SUBJ + ge-verb + word**
- infinitief ⇨ **einde (om te ww)**
- be/ge/her/er/ont/ver/mis ⇨ **geen ge-**
- tyd, wyse, negatief ⇨ **voor "deur"**
- plek ⇨ **na OBJ**
- enkelvoudige vnw ⇨ **CHANGE!**

# OPSOMMING

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| TEEN-WOORDIGE TYD | Object | WORD | T M | DEUR + S | P | GE + | VERB+ INF |
| VERLEDE TYD | Object | IS | T M | DEUR + S | P | GE + | VERB+ INF |
| TOEKOMENDE TYD | Object | SAL | T M | DEUR + S | P | GE + | VERB+ WORD + INF |
| | | sou<br>kan<br>kon<br>mag<br>mog<br>wil<br>wou<br>moet<br>moes | | | | | |



**ONTHOU:**

1. **Seperable verbs (Deeltjiewerkwoorde) (GE goes in the middle):**

My ma maak my sussie se mond skoon.
**My sussie se mond WORD deur my ma skoongemaak.**
My ma het my sussie se mond skoongemaak.
**My sussie se mond IS deur my ma skoongemaak.**
My ma sal my sussie se mond skoonmaak.
**My sussie se mond SAL deur my ma skoongemaak WORD.**

2. ek → deur my
jy → deur jou
hy → deur hom
sy → deur haar

3. -be -mis
-ge -ver
-her -vol
-er -pro
-ont
] NO GE!